

Christus gee aan sy kerk aandrywingskrag en aan sy lidmate die krag om saam met Hom as God te leef

ds. PJ Kriel

Pinksterpreek 02

12.05.2018

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen die Here se Kerk en geestelike genootskappe wat hul self die kerk van de Here noem, maar dit nie is nie. Die Kerk van die Here word deur die Here aandryf deur die drie bedieningskragte wat die Here in sy Kerk ingebou het: 1. die prediking van die lyding en opstanding van Christus, 2. die bediening van die sakramente en 3. die toepassing van die Christelike tug. In hierdie Kerk leef lidmate binne die liefde van Gd met God. In geestelike genootskappe moet mense met hulle liefde en aanbidding hierdie genootskappe aandryf. Só word alles wat bedoel is om net die lewe met God te wees, werkkragte waarmee mense geestelikes se genootskappe aandryf.

Skriflesing Matteus 28:16-20; Joh. 20: 19-23; Lukas 24: 44-49; Handeling 2:22-36.

Teks Luk. 24:49 “En ek sal die gawe wat die Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is.”

Tema Christus gee aan sy kerk aandrywingskrag en aan sy lidmate die krag om saam met Hom as God te leef

1. Vanoggend gaan ons weer na twee verskillende soorte kragte kyk! Lukas 24 en Handeling 1 en 12 wys op twee verskillende soorte krag wat Christus gee – kerkkrag en lewenskrag.

Dit is twee verskillende soorte kragte.

Kerkkrag is die krag waarmee die Here self sy kerk aandryf en lewenskrag is die krag wat die Here aan ons as sy lidmate gee om met Hom as God te leef.

2. Die verskil in hierdie twee soorte kragte is soos die verskil tussen 'n passasiersboot se krag en die passasiers op die boot se krag. Die kinders! As jy na 'n groot passasiersboot kyk wat so op die oop see op die water vaar, dan kan jy nie glo dat hierdie 1000 de tonne yster sommer so op die water kan vaar nie. Wat hierdie yster op die water laat vaar is verskriklike groot krag.

Die krag van 'n passasiersboot om op die see te vaar is -

1. sy enjin met sy skroef wat hom aandryf deur die water,
2. sy kompas wat hom sy plek en rigting wys en
3. sy roer waarmee hy van die verkeerde na die regte rigting draai.

Hierdie is bootkrag, die krag waarmee die boot toegerus word. Sonder hierdie kragte is die nie 'n boot nie, maar net 'n leë dop.

Christus gee aan sy kerk aandrywingskrag en aan sy lidmate die krag om saam met Hom as God te leef

3. Wat is die krag van mense wat as passasiers op hierdie boot gaan?

Die krag vir die passasiers is die nuwe lewe wat hulle ontvang op hierdie boot. Hulle krag is die nuwe lewensreis waarmee hulle begin. Dit is hoekom mense so graag op 'n passasiersboot wil gaan, want hulle voel dat hulle so nuwe mense is wat met 'n nuwe lewensreis begin het. Dit is nie sommer net rondry op die water nie.

Die toerusting vir hierdie nuwe lewe en lewensreis, is net hulle kaartjie om op die boot te mag wees. Hierdie kaartjie is hul krag wat hul die plek en reis gee.

Hier sien ons nou twee heeltemal verskillende soorte krag. Wat is die boot se toerusting? Sy toerusting is sy enjin en skroef, sy kompas en sy roer. Wat is die toerusting vir die passasiers? Die passasiers op die boot se krag is hul kaartjie om op die boot te mag wees en saam te reis.

Die bootkrag wys vir ons wat is die kerkkrag van die kerk van die Here: 1. die prediking van die evangelie, 2. die doop en nagmaal en 3. die tug. Die toerusting van die lidmate van die Here in sy kerk, is hul insluiting in die lyding en opstanding van Christus. Dit gee hulle hul plek vir die lewensreis met die Here se kerk.

4. Christus verklaar dat sy dissipels sy getuies sal wees, maar dat hulle op die toerustingskrag van bo moet wag. Dit beteken volgens ons voorbeeld dat die Here vir hulle sê dat hulle die bemanning van die boot gaan wees, maar dat hulle nie as die bemanning van die boot dadelik met hul werk op die boot kan begin nie.

Hulle moes net eers wag dat die Here sy kerk, sy boot, toerus en loads, voor hulle hul werk as getuies vir Christus kan begin. Uit Petrus se optrede na die Here sy kerk geloods het, sien ons duidelik waarvoor hulle vir die Here moes wag.

Die Here moes sy kerk eers toerus met

1. die enjin en skroef: die prediking van die lyding en opstanding van Christus (Hand. 2: 22-36),
2. met die kompas, doop en nagmaal, wat wys waar is jy binne Christus se koninkryk (Hand. 2:38 en 42) en
3. die roer, die tug wat jou na die lewe in Christus draai (Hand. 38 en 40)

5. Voor Christus nie sy kerk met die Gees toegerus het nie, was daar geen prediking van die lyding en opstanding van Christus nie (Enjin en skroef), geen doop en nagmaal as tekens dat jy in Christus is nie (kompas) en geen oproep tot die geloof en lewe in Jesus Christus nie. (Tug) Christus het die kerk met hierdie 3 aandrywingsmiddels toegerus en daarmee stuur Hy sy kerk tot vandag toe self.

Christus gee aan sy kerk aandrywingskrag en aan sy lidmate die krag om saam met Hom as God te leef

Die Here se kerk kan nooit weer toegerus of geloods word nie. Daarom kan daar nooit weer 'n wagopdrag vir sy dissipels wees nie. Waarvoor die eerste dissipels gewag het, het vir altyd klaar gebeur – die Here het sy kerk toegerus en geloods.

Die geestelikheid wat mense laat “wag” op God se krag aan sy kerk, met gebede, bekerings en oorgawes is 'n miskenning dat die Here sy kerk toegerus en geloods het. Hierdie “waggeestelikheid” met Pinkster loods en rus ander geestelike gemeenskappe toe as die kerk van die Here. Die Here se kerk word nooit weer toegerus of geloods met sogenaamde “waggeestelikheid” nie.

6. Die krag wat Jesus Christus aan lidmate van sy liggaam gee, is die krag van 'n nuwe lewe saam met Hom as God.

Die gawe van die Gees aan lidmate in Matteus 28: 20 is die toesegging dat Christus as God met sy lidmate is, al die dae tot die voleinding. Hierdie toesegging is die vervulling van die Abrahamsbelofte in Eseg. 36: 24 -. Met hierdie toesegging ontvang hulle die krag om Christus as God te aanbid. (Mat. 28: 17)

In Lukas is dit die toesegging van vrede met die gawe om Jesus as die Here wat vir hul sonde moes ly en uit die dood uit opgestaan het, te kan ken en vertrou. (Luk. 24: 36 en 45 -47)

In Joh.20: 19 is dit die toesegging van vrede en die gawe van aanbidding van Christus as Here en God (20: 28)

Om ingesluit te wees in wie Jesus as Christus is en wat Hy as Christus vir jou doen, is die kaartjie om saam met Hom as God in sy kerk te leef. Geloof in wie Christus is en die aanbidding van Christus as Here en God, is die krag wat ons ontvang om met Christus as Here saam te leef, om 'n passasier op die Here se passasierskip te wees, sy kerk. Geloof en aanbidding is altyd nét die lewe saam met Christus in sy kerk.

Die Here dryf nie sy kerk aan met geloof in sy genadetoesegging en aanbidding nie. Hy dryf sy kerk aan met 1. die evangelieprediking, 2. die sakramente en 3. die tug.

Pinkstergeestelikes maak die lewe met God, die enjin, kompas en roer van hul geestelike instellings. So belas hulle geloof en aanbidding asof dit die Here se aandrywingskrag vir sy kerk sou wees. Dit is nie. Dit is geestelikes se aandrywingskrag vir hulle geestelike instellings wat nie die Here se kerk is nie.

7. Die geestelikes van vandag wil elkeen 'n bootbouer wees. Elkeen wil sy eie kerk, sy eie boot bou en loods, en dan glo hulle nog hulle bote is baie kragtiger toegerus en mense se lewens op hulle bote is baie beter as die lewe van Christene saam met die Here in sy kerk, sy passasiersboot.

Christus gee aan sy kerk aandrywingskrag en aan sy lidmate die krag om saam met Hom as God te leef

Die verskil tussen die Here se kerk wat Hy toegerus en geloofs het en elke nuwe geestelike kultus wat hulle self 'n kerk noem, is dat hierdie genootskappe wat hulle oprig roeibote is.

In hierdie sogenaamde kerke het elkeen 'n eie roeispaan en is jou spierkrag die aandrywingskrag van die genootskap. Elke lidmaat van so 'n genootskap roei die instelling vorentoe.

7.1. Die roeispane waarmee hulle hul genootskappe vorentoe roei, is nie meer die verkondiging van Christus nie, maar geestelikes se vertellings van al hul verskillende godservarings.

In die plek van die prediking van die lyding en opstanding van die Here as mens uit die dood, getuig geestelikes nou met nuwe stories wat glad nie volgens die Bybel getuienis is nie.

Getuienis volgens die Bybel is om te vertel wat met Christus gebeur het, hoe ons daarby ingesluit is en wat dit vir ons beteken. Maar nou vertel hierdie geestelikes stories oor hulle eie lewe en dit wat hulle noem hulle godservarings. Terwyl hulle dit doen glo hulle dat hierdie stories oor hulle eie geestelike belewenisse is nou 'n krag waarmee God sy boot aandryf. Maar dit is nie. Dit is net 'n roeispaan waarmee geestelikes hulle eie genootskappe wat hulle kerke noem, aandryf.

7.2 Die krag waarmee hierdie geestelikes hulle geestelike genootskappe mee aandryf is ook nie meer die sakramente van die doop en nagmaal nie.

Sakramente is tekens wat die Here gebruik om vir jou te wys waar is jy binne god se genade en binne in Christus. Dit is tekens van wat God doen met ons. pas In die plek van sakramente, tekens wat ons wys waar en hoe is ons binne Christus.

Geestelikes maak hulle hul eie menslike seremonies op. Met hierdie seremonies wil hulle wys waar pas God in hulle lewe in. Hulle kan van somer enigiets 'n teken maak van waar pas God in hulle lewe in soos om kerse op te steek, mekaar met as en olie te besmeer, om palmtakke rond te swaai, om seremoniële serpe en gewade te dra, om besig te wees met houtkruise en waterspeletjies in die erediens.

Hierdie seremonies is glad nie kerkkrag nie want die Here gebruik glad nie hierdie seremonies nie. Dit is net geestelikes se roeispane waarmee hulle hul eie genootskappe se geestelikheid mee aandryf.

7. 3. Die krag waarmee geestelikes hulle geestelike genootskappe mee aandryf is ook nie meer die Christelike tug van die kerk nie.

Christus gee aan sy kerk aandrywingskrag en aan sy lidmate die krag om saam met Hom as God te leef

Christelike tug is altyd 'n oproep om weg te draai van 'n lewe buite Christus na 'n lewe met Christus. Dit is hoe die kerk se roer koers gee aan die kerk.

Geestelikes se tug is nie meer die oproep tot geloof en die lewe in die geloof met Christus nie. Dit word nou heeltemal iets anders. Hulle roep jou nie op tot geloof en die lewe in geloof met Christus nie. Hulle is altyd besig om mense of goed te praat of sleg te praat.

8. Die bootkrag van die Here, 1. die enjin en skroef, 2. die kompas en 3. die roer vervang hulle met hulle nuwe bote met roeispans.

Vir roeispans het jy spierkrag nodig. Die spierkrag waarmee hierdie geestelikes hulle hul geestelike groepe aandryf is die gebede, gehoorsaamheid, bekerings en liefdes van die lede. Met hierdie spierkrag moet hulle die roeispans roei.

Hierdie plek op hierdie bote is iets heeltemal iets anders as gelowiges se plek in die Here se kerk, sy passasiersboot. Hierdie boot waar jy met alles wat jy is, moet roei om die boot aan te dryf, is slaweskepe. Dit is die tipe bote voor bote stoomkrag gehad het. Mense moes met hul spierkrag bote aandryf.

Net so is hierdie geestelikes se genootskappe instellings wat nie deur die Here se Gees, stoomkrag aangedryf word nie, maar deur spierkrag, dit is mense se godsdiens.

Hierdie nuwe slaweskepe is die geestelikes se nuwe genootskappe wat vir hulle kragtiger is as die Here se kerk, waar mense nie moet roei en die kerk aandryf nie, maar net saam met die Here kan leef in gebed, gehoorsaamheid en liefde wat niks aandryf nie.

9. Wat is die fout wat hierdie geestelikes met die kerk van die Here maak?

Die fout wat hulle maak is om die krag wat die Here vir sy kinders gee om saam met Hom in sy kerk te leef as hulle Here en God, te verdraai asof dit die krag is waarmee die Here sy kerk aandryf!

Dit gee aan ons lewe met God 'n totaal ander betekenis as die betekenis wat die Here aan ons lewe saam met Hom gee. Ons lewe saam met die Here het net een doel, om saam met Hom in sy liefde te leef en om Hom te mag liefhê. Ons lewe is bedoel om deel te wees van die goedheid dat God ons Here en God met ons is.

Ons lewe met God kan nooit die middels wees waarmee God sy kerk aandryf nie.

Christus gee aan sy kerk aandrywingskrag en aan sy lidmate die krag om saam met Hom as God te leef

Daarom, wanneer ons tot die Here bid, dan bid ons net omdat die manier is waarop ons saam met die Here leef. Ons gebede is nie kragte en magte waarmee ons die Here se kerk lewendig maak, laat herleef, vernuwe en kragtig maak nie. Ons gebede is net die liefdevolle vererings as 'n lewenswyse in die liefde van God.

Die Here gebruik totaal iets anders om sy kerk te laat lewe en te vernuwe – die prediking van die lyding en opstanding van die Here Jesus en ons deelwees van wie die Here as mens is en wat Hy vir ons doen. Hierdie middel laat die kerk leef en vernuwe, nie gebede nie.

10. Net so met ons liefde en gehoorsaamheid aan die Here se wet! Ons liefde en gehoorsaamheid is net die manier waarop saam met die Here in sy liefde vir ons leef. Dit is net 'n lewenswyse saam met God. Dit is glad nie die wyse waarop die Here sy koninkryk uitbrei en kragtig maak nie. Ons liefde en gehoorsaamheid is nie die krag van die kerk, die Here se koninkryk nie.

Die krag van die Here se koninkryk is die 1. prediking van Christus se lyding en opstanding, 2. die sakramente waarmee die Here bevestig dat ons ingesluit is die lyding en opstanding van Christus en 3. die tug waarmee die Here ons altyd na Hom te draai en wegdraai van 'n lewe buite Christus.

Dit is fout wat alle geestelikes maak: hulle maak die lewe saam met die Here die krag van die kerk van die Here!

Wat maak hulle dan met die regte krag van die Here se kerk, 1. die prediking van Christus, 2. die versekering van ons plek in Christus met die sakramente en die 3. die oproep om na Christus te keer in die geloof?

Hulle haal dit uit die kerk uit!

So maak hulle van die kerk van die Here 'n slaweskip wat met mense se lewe aangedryf moet word. Hulle haal die Here se kerk se enjin, kompas en roer uit en vervang dit met die geestelike lewe van mense.

11. Hoe oortuig jy iemand om sy plek op 'n passasiersboot te verruil vir 'n hardebank op 'n slaweskip? Want dit is wat al die geestelikes vandag met gelowiges probeer doen!

Die kinders!

Dink as jy so op hierdie mooi en groot passasiersboot ry, dink jy enige iemand sal jou ooit kan oortuig om vrywillig van hierdie boot af te klim om 'n slaweroeier op 'n slaweskip te word?

Christus gee aan sy kerk aandrywingskrag en aan sy lidmate die krag om saam met Hom as God te leef

Daar is regtig van dag baie pastore, priesters en dominees wat gelowiges probeer oortuig om van die Here se Kerk af te klim om 'n roeier op hulle geestelike bote te word. Geestelike pastore, priesters en predikante is altyd besig om gelowiges te probeer oortuig om hulle plek in die kerk van die Here, sy passasiersboot, prys te gee vir 'n lewe op hulle geestelike slaweskepe. Jy moet jou lewe met God opgee vir 'n lewe waar jy hulle geestelike genootskappe met jou aanbidding en lewe moet aandryf.

12. Dit doen hulle deur die kerk van die Here en die lewe met God in sy kerk sleg te sê. Die Here se kerk noem hulle 'n domineeskerk of sommer met kwasiwetenskaplikheid “die herder-kudde model”, waar niemand iets vir die Here kan doen nie, behalwe die dominee.

Só skep hulle die waanbeeld asof die dominee met sy geestelikheid die krag van die Here se kerk is. In hulle genootskappe is dit dan nie net die dominee wat roei nie, almal het die sogenaamde eer om die genootskap met geestelikheid aan te dryf.

Almal se krag is tog beter as een se krag!

Met hierdie waanbeeld maak hulle die aandrywingsmiddels van die Here se kerk, die prediking van die evangelie, die sakramente en tug, verdag asof dit die dominee se krag sou wees.

Net so maak geestelikes die lewe met God van gelowiges in sy kerk verdag. Gelowiges se lewe met God sou 'n kragteloze lewe sonder God se Gees wees omdat hulle nie God se kerk en koninkryk uitbou met hulle liefde vir en gehoorsaamheid aan God nie.

Mense op hulle geestelike slaweskepe se gespierde gebede en lofprysings wys nou kamstig hoe swak Christen is jy as jy net met God in sy liefde saamleef in sy kerk, op sy passasiersboot.

Wat hulle nie sê nie, is dat op hulle slaweskepe, hulle genootskappe, is almal gespierde geestelike werkers, sonder 'n eie lewe met God in sy liefde as sy kinders. Dit is tog die regte verskil tussen 'n slaaf op 'n slaweskip en 'n passasier op 'n passasiersboot – slawe het geen lewe nie terwyl passasiers 'n lewe het. Net so het ons in die Here se Kerk 'n lewe met God. Ons wil nie werkers op geestelikes se slaweskepe wees nie.

13. Kom ons sluit af met 'n voorbeeld van een van hierdie nuwe slaweskepe wat in die NG Kerk gebou is.

Christus gee aan sy kerk aandrywingskrag en aan sy lidmate die krag om saam met Hom as God te leef

'n Klomp geestelike predikante in die NG Kerk het besluit dat die Here se Kerk moet verander word. Dit moet nou volgens hulle 'n missionale kerk word.

Wat vir 'n ding is 'n missionale kerk? Dit is volgens hulle self iets anders as die kerk van die Here wat nog altyd sendingwerk gedoen het en die sendingopdrag van die Here uitgevoer het. Die sendingopdrag van die Here is dat sy kerk

1. Die evangelie van Jesus se lyding en opstanding aan alle mense oor die hele aarde moet verkondig.
2. Aan al die mense wat tot geloof in hom kom moet doop en met die nagmaal bedien
3. en die gelowiges altyd moet oproep tot 'n lewe met Christus en oproep om weg te draai van 'n lewe buite Christus.

Hierdie kerk van die Here vir hulle nie 'n missionale kerk nie. 'n Missionale kerk is volgens die bemaatigde leiers van hierdie nuwe slaweskip, 'n genootskap van mense wat vir ander mense moet wys hoe lyk God. Hulle moet met hulle lewe en gehoorsaamheid aan God nou God vir ander mense uitbeeld.

Hierdie is 'n slaweskip! Want hierdie skip word nie meer aangedryf met die verkondiging van die Here se lyding en opstanding, die bediening van die sakramente en die toepassing van die Christelike tug nie. Hierdie skip word aangedryf deur mense wat so lewe en aanbid dat hulle wys hoe lyk God! Met hulle geestelike spierkrag dryf hulle hierdie skip wat orals vir mense gaan wys hoe lyk God!

Op hierdie skip het Afrikaanse gelowiges ook nie meer 'n eie lewe met God nie. Want hierdie dominees glo dat Afrikaners net naby God kan kom wanneer hulle hul eie lewe opgee, oor grense gaan, soos hulle dit noem en dan vrywillige gemeenskapsdiens in ander gemeenskappe as Afrikaanse gemeenskappe sal gaan doen.

Afrikaanse gelowiges mag nie meer net met God saam leef in sy kerk nie. Hulle moet op hierdie slaweskip gaan werk.

Ons is die kerk van die Here en hierdie kerk dryf die Here aan met sy aandrywingsmiddels: die prediking van die evangelie, die sakramente en tug. In die Kerk van die Here is ons nie slawe nie. Ons is die Here se kinders wat saam met Hom leef in sy kerk.

Ons laat nie van ons slawe maak op geestelikes se slaweskepe – hulle nuwe geestelike genootskappe wat hulle bou en loods vir hulle geestelike drome en ideale nie.